**Omgeepapier 14 - 19 Augustus 2023**

**Klaagliedere 3:1-2; 15; 18-20; 21-26. Tema: Moenie moed verloor nie! Verootmoedig jou en bly hoop op die HERE!**

1. **Lees Jeremia 17:13 – 14. Vraag: Dink ná en wees eerlik met jouself – Watter bekommernis in jou lewe moet jy aan die Here oorlaat? Deel dit met jou Omgeegroep!**

2. **Lees Klaagliedere 3:15, 18, 20. Vraag: Wat is die dinge waaroor jy teneergedruk en bitter voel (dalk teenoor die Here, teenoor die vorige generasies, teenoor ander mense)? Wees eerlik met die Here daaroor! (As jy dit nie teenoor die Groep kan noem nie, gaan huis toe en lê dit voor die Here)**

3. **Lees Klaagliedere 3:21-26. Vraag: Deel met mekaar as daar iets is waarvoor jy baie lank gewag het op die Here, wat Hy vir jou laat waar word het. Wat leer jy uit die verhale van jou medegelowiges?**

4. **Lees Klaagliedere 3:40 – 50. Vraag: Watter verkeerdhede (waaroor die Here óns kwalik neem) moet óns / ék herstel? Hoe?**

5. **Gebedsversoeke. Bely ons volksondes; Bid vir wysheid om verkeerdhede te kan regstel.**